

UNIVERSITY OF FORT HARE
DEPARTEMENT AFRIKAANS

AFP111E

DEGREE EXAMINATIONS
JUNE 2017 / JUNIE 2017
MEMORANDUM

Time: 3 HOURS

Subject: AFRIKAANSE TAALVAARDIGHEID (NIE-MOEDERTAAL)

Marks: 100

This memorandum consists of 8 pages, including the cover page.

Internal examiners

Mr D Koen

Internal moderators

Prof SC Smith
Dr S Chaudhari

Afdeling A – Begriplees

Vraag 1

- 1.1. Die teikengehoor van die artikel is die ouer(s) of voog(de) van 'n tiener. (1)
- 1.2. loveLife is SA se vigsvoorkomingsprogram vir die jeug. (1)
- 1.3. Veilige seks verwys na die gebruik van 'n kondoom tydens seksuele omgang. (1)
- 1.4. Sy is 'n seksuoloog. (1)
- 1.5. **C** (Tieners moet oor alle aspekte rondom seksualiteit ingelig word.) (1)
- 1.6. **Selfbeeld** en **verhoudings** word ook in haar boek bespreek. (2)
- 1.7.1. **Onwaar** – “Gesinswaardes is beïnvloed weens die hoë egskeidingsyfer en die groot getal enkelouers.” (2)
- 1.7.2. **Onwaar** – “... net omdat ouers (en onderwysers) steeds voel dis te gewaagd om met tieners oor hul seksualiteit te gesels.” (2)
- 1.8. Tieners het nie die **waardesisteem** (½) of **vaardighede** (½) om hul seksualiteit reg te bestuur nie. (1)
- 1.9. **Nee** (½) – “Kragtens die nuwe Wet op Seksuele Oortredings kan tieners onder 16 wat (met instemming) seks met mekaar het, vervolgt word ...” (½) (1)
- 1.10. Die term “nuwe gesinne” verwys na gesinne wat saamgestel word nadat 'n geskeide ouer weer trou en die “nuwe” gesin uit twee aparte gesinne gevorm word. (1)
- 1.11. “Vlog” verwys na 'n **video-blog** wat op die internet geplaas word. (1)
- 1.12. Student se **eie antwoord**. (Ja / Nee) (½) + **GOEIE motivering** (½) (1)

[16]

Vraag 2 – Resensie

- 2.1. Musiekrolprent (1)
- 2.2. Kykers wat van lekker musiek, danspassies en 'n eenvoudige storielyn hou, sal by hierdie film aanklank vind. (Ook romanse.) (1)
- 2.3. Die rolspel (akteurs) is besonders swak. (1)

- 2.4. Die term verwys na iets waarvan 'n mens hou, maar dit nie noodwendig met ander sal deel of sal erken dat jy daarvan hou nie. (**Die persoon is skaam daarvoor.**) (2)
- 2.5. **Nee** (✓) – "... van die eerste Afrikaanse musiekrolprent in 30 jaar ..." (✓) (2)
- 2.6. Die film is vir alle ouderdomme geskik. (1)
- 2.7. Bobby van Jaarsveld vertolk die hoofrol in die film. (1)
- 2.8. **Nee** (½) + goeie motivering (½) (Dit is hoogs onwaarskynlik aangesien die resensent baie kritiek teenoor die film uitspreek ...) (**Gebruik EIE oordeel.**) (1)

[10]

Vraag 3 – Strokiesprent

- 3.1. Die skoolhoof beskuldig vir Boetie daarvan dat hy steroïedes / verbode middels gebruik. (1)
- 3.2. Boetie was volgens hulle al van kleins af groterig gebou vir sy ouderdom. (1)
- 3.3. Rugby (1)
- 3.4. Hy is die skoolhoof. (1)

[4]

Afdeling B – Taalleer (Woordstrukture)

Vraag 4

- 4.1. besighede (½) + besigheidjie (½) (1)
- 4.2. mandjies (½) + mandjietjie (½) (1)
- 4.3. paaie (½) + paadjie (½) (1)
- 4.4. ma's (½) + ma'tjie (½) (1)
- 4.5. verskonings (½) + verskoninkie (½) (1)

[5]

Vraag 5

- 5.1. meer opgewonde (½) + mees opgewonde (½) (1)
- 5.2. beter (½) + beste (½) (1)
- 5.3. minder (½) + minste (½) (1)
- 5.4. kwater (½) + kwaadste (½) (1)
- 5.5. vroeër (½) + vroegste (½) (1)

[5]

Vraag 6

- 6.1. doodgoed (1)
- 6.2. wondermooi / popmooi (1)
- 6.3. loodswaar (1)
- 6.4. dolverlief / smoorverlief (1)
- 6.5. stapelgek (1)
- 6.6. wawyd (1)
- 6.7. papryp (1)
- 6.8. morsaf (1)
- 6.9. hondmak (1)
- 6.10. blitssnel (1)

[10]

Vraag 7

- 7.1. wat (1)
- 7.2. waarin (1)
- 7.3. Sy (1)
- 7.4. haar (1)
- 7.5. wie (1)
- 7.6. daarsonder (1)
- 7.7. u (1)
- 7.8. wat (1)
- 7.9. waarvoor (1)
- 7.10. daaraan (1)

[10]

Afdeling C – Sinstrukture

Vraag 8 (½ punte toegeken volgens diskresie)

- 8.1. Professor Crous vergeet nooit sy klasaantekeninge by die huis nie. (1)
- 8.2. Nee, Fort Hare het nie 'n pragtige kampus in Oos-Londen nie. (1)
- 8.3. Nee, ek hou nie daarvan om Wiskunde op universiteit te bestudeer nie. (1)
- 8.4. Nee, ek het nog nooit 'n kameelperd op kampus gesien nie. (1)
- 8.5. Moet asseblief nie dadelik opstaan wanneer die vlag gehys word nie. (1)

[5]

Vraag 9 (½ punte toegeken volgens diskresie)

- 9.1. Haar hare is eergister vinnig deur die dosent in die kantoor gekam. (1)
- 9.2. 'n Kongres sal volgende jaar deur professor Nkrumah in Amsterdam bygewoon word. (1)

9.3. Die voorgeskrewe boek moet (**deur jou**) gelees word. (1)

9.4. Die eerste prys in die Fakulteit is deur haar gewen. (1)

9.5. Huiswerk moet elke dag deur die studente in die biblioteek gedoen word. (1)

[5]

=====

Vraag 10 (½ punte toegeken volgens diskresie)

10.1. Mnr. Koen het gesê dat hulle die fluksste studente was wat hy nog ooit gehad het. (1)

10.2. Georgina vra waarom die eksamenvraestel so maklik is. (1)

10.3. Sakhumzi het gevra hoekom hulle soveel teorie vir die eksamen moes leer. (1)

10.4. Jonathan sê dat hy die beste kwartaalpunt in die toets gaan behaal. (1)

10.5. Robin het gesê dat hulle die slimste klas by die universiteit was. (1)

[5]

=====

Vraag 11

11.1. Luzandrea en Zimasa studeer saam, want hulle is beste vriende. (1)

11.2. Lerato gooi haar boek teen die muur aangesien sy kwaad is vir die bure. (1)

11.3. Damian is kwaad vir Nicole; daarom ignoreer hy haar in die klas. (1)

11.4. Tiffany lees 'n nuwe roman; derhalwe is sy gelukkig. (1)

11.5. Mahlaku het die lotery gewen, dog sy is ongelukkig. (1)

[5]

=====

Vraag 12 (½ punte toegeken volgens diskresie)

- 12.1.1. Gister het die studente graag na 'n interessante lesing by die universiteit geluister. (1)
- 12.1.2. In die toekoms sal die studente graag na 'n interessante lesing by die universiteit luister. (1)
- 12.2.1. Eergister wou die man sy splinternuwe motor was en poleer. (1)
- 12.2.2. Oor twee dae sal die man sy splinternuwe motor wil was en poleer. (1)
- 12.3.1. Laas jaar het ek die leeu gehoor brul **en** die olifant gehoor trompetter. (1)
- 12.3.2. Volgende jaar sal ek die leeu hoor brul **en** die olifant hoor trompetter. (1)
- 12.4.1. Drie maande gelede het ek in my koshuiskamer geslaap en (ge)werk. (1)
- 12.4.2. Binnekort sal ek in my koshuiskamer slaap en werk. (1)
- 12.5.1. Laas maand het julle onderwysers geword. (1)
- 12.5.2. Môre sal julle onderwysers word. (1)

[10]

=====

Vraag 13

- 13.1. **In die verlede** het sy baie hard by die universiteit gewerk om goeie punte te behaal. (1)
- 13.2. **Jakobus** het gisteraand laat in die biblioteek gewerk om die taak in te handig. (1)
- 13.3. **Om mooi te lyk vir die troue** sal Mantombi môre vinnig 'n nuwe rok by die winkel koop. (1)
- 13.4. **Gou-gou** het Peter laas week die sigarette in die kas weggesteek. (1)
- 13.5. **Die student** vergeet haar studentekaart by die huis. (1)

[5]

=====

Vraag 14

- 14.1. om sy gebreekte been te laat spalk (1)
14.2. Jan van Tonder (1)
14.3. volgende week (1)
14.4. sy stout sussie se hond (1)
14.5. vinnig (1)

[5]

=====

GROOTTOTAAL: [100]